


## JEUG POTJIEKOSKOMPETISIE

Die Jeug se potjiekoskompetisie verskuif na Saterdag 16 Mei.  
Kontak Helieta Engelbrecht (083 320 6337) indien jy jou span wil inskryf.  
Sien jou daar!

VERJAARSDAE 22 Maart – 18 April 2020


Hartlik geluk aan elkeen wat verjaars!

- 22: Kayla Fourie, Marlene Voigt  
23: Liezel Coetzee, Daniël Eigelaar, Gerta Trautman, Barry Williams  
24: Marietha Welgemoed, Lucille Wood  
25: Alwyn Burger, Magdeleen Kloppers  
26: Lucindi Coetzer, Charl Droskie, Anais Terblanche  
27: Rikus Engelbrecht, Eddie Schutte  
28: Rina Botha, Johan Fourie, Edward Keown, Cornelia Naude (Palms), Ena Vivier  
29: Anton Groenewald, Nickey le Roux, Mari Watson  
30: Pikkie Nel (Palms), Helena Walters (Palms)  
31: Allie Coetzee  
01: Louise Carr, Werner de Bruin, Lucille Kok (Palms)  
02: Alette Laubscher, Tara Nieuwoudt, Elbé van Zyl  
03: Sara Futcher, Agatha Otto, Janine Visagie  
04: Hein Horn  
05: Joan Fourie (Palms), Herman Geldenhuys, Nicholas Herselman, Sybil le Roux (Palms),  
Melanie Lombard, Andriesa Truter  
06: Esther Botha (Palms), Willa Kellerman  
07: Estelle du Toit, Jacques Lotz, Ida van Zyl  
08: Tanya Coetzee, Bunny Digue (Palms), Alta Lotter, Larry Payne, Boet Stears (Palms),  
Ohann Westraadt  
09: Geen  
10: Marie Fourie, Melt Koch, Susann Schoombee  
11: Freddie Bindeman, Chris Frick, Lana Spies, Elzandra Wentzel  
12: Theresa Adriaanse, Tokkie Botes, David Kruger, Joan Solms, Lien Visagie  
13: Jobeth Hayward  
14: Anja Groenewald, Ria Langenhoven (Palms), Marieke Loubser, KP van Wyk,  
Elsabé Zeeman  
15: Alida Barnard, Marie Gerber, Jána Gird, Timo Kelly  
16: Petro Joerdens, Susan Menkveld  
17: Susan Ebersohn, Charlene Eksteen, Alta Fourie, Paul Kruger  
18: Suzanne Adendorff, Jako Diedericks, Joshua Jordaen, Jaco Krige



# KONTAK

20 Maart – 18 April 2020



### UIT DIE KERKRAAD

Tydens ons Kerkraadsvergadering van 16 Maart het die Kerkraad besluit dat ons ook ons deel wil doen om die verspreiding van die corona-virus (COVID-19) soveel moontlik te beperk.

Die grootste impak is dat ons nie vir die volgende maand enige eredienste of gemeentefunksies sal hê nie. Ds Francois bied meer inligting hieroor in sy skrywe wat by die *Kontak* aangeheg is.

Ons word as gevolg van hierdie gebeure gekonfronteer met verandering – iets wat gewoonlik maar moeilik is om te aanvaar. Ons word uit ons gemaklike gedwing en dit krap sommige mense om en maak sommige van ons bang.

Ons moet egter nou baie spesifiek na die positiewe dinge in hierdie situasie soek. En daar is baie – ons moet net daarvoor op die uitkyk wees.

**ONTHOU! 'n Positiewe ingesteldheid is 'n wilsbesluit!!**

### Kamieskroon

Ek en ds Francois het die eerste kontak met die gemeente van Kamieskroon gehad. Na 'n lekker lang gesprek met ds Jan van Schoor en sy vrou is ons uitmekaar met die onderneming dat as 'n eerste stap, ons gemeentes vir mekaar moet bid. Kamieskroon het ook hul eie kwota seer en hartseer ervaar. **Bid** vir herstel, liefde, vrede en versoening, maar ook vir voorspoed en natuurlik ook vir reën.

### TOTSIENS SÊ

Wanneer dit tyd word om te groet, kan ons dit doen met die wete dat die Here in beheer is en dat sy tydsberekening volmaak is. Met goeie herinneringe groet ek NGK Parow-Panorama. Tydens die afgelope sewe jaar het ek verskeie hoogtepunte saam met dié gemeente beleef. Mag God se rykste seën elkeen op julle pad vergesel.

Ek sien uit na 'n nuwe fase van my loopbaan wat ook nuwe uitdagings vir my inhou.

Altyd vriendelike groete

Annelie Brits (kerkkantoor)

### KORONAVIRUS EN ONS GEMEENTE SE REAKSIE DAAROP


Beste lidmaat

Die uitbreek van die koronavirus is wêreldwyd 'n krisis oomblik. Krisis-oomblikke is dikwels ook tye vol geleenthede om die evangelie nie net te verkondig nie, maar ook te leef. Ons het een kans om met nugtere proaktiewe optrede die verspreiding van die virus te verlangsaam.

Daarom behoort ons nie die minimum vereistes van die regering na te streef nie, maar die maksimum te doen en die ekstra myl te loop.

As dit met verantwoordelikheid gedoen word, kan 'n eskalerende situasie spoedig omgedraai word.

**Dit vra van ons almal om, so vinnig as moontlik en so beslis as moontlik, maatreëls te tref wat sosiale en fisiese kontak tussen mense beperk.**



[www.facebook.com/parowpanorama](https://www.facebook.com/parowpanorama)

ds Francois Herselman: 021 911 0970 / 081 270 3226, [dsfrancois@outlook.com](mailto:dsfrancois@outlook.com)

dr Andrie Kilian: 083 444 9470, [anmar1@vodamail.co.za](mailto:anmar1@vodamail.co.za)

Jeugkantoor: Stefan Fourie, 076 608 6405, [ppjeug@gmail.com](mailto:ppjeug@gmail.com)

Kerkkantoor: 021 930 3100, [ppskriba@gmail.com](mailto:ppskriba@gmail.com)

Inbetalings by Kassier: Ma (10:00-12:00), Woe, Do, Vry (09:00-12:00)

Die aard van die virus is uniek. Daarom vra dit ook van ons deernis en buitengewoon verantwoordelike optrede. Anders as onder normale omstandighede beteken deernis in hierdie konteks om sosiale en fisiese kontak sover moontlik te beperk. Alle ontkenning van die omvang en die erns van die virus is onverskillig en daarom volg ons gemeente nie die roete nie. Ons missionale roeping vra in hierdie omstandighede van ons om kreatief na geleenthede te soek om ons medemens in nood te bedien, te versorg en te ondersteun.

Die kerkraad het Maandagaand besluit dat erediens, asook kleingroepbyeenkomste, wyksbyeenkomste, fonds-insamelings en vergaderings tot en met 12 April opgeskort sal word. Dit beteken egter nie dat die bediening van die gemeente gestaak word nie. Die dagbestuur en kerkraad monitor die situasie deurgaans en sal aanpassings maak soos nodig. Ons sal binnekort ook riglyne gee oor byeenkomste, vergaderings en die gebruik van die geboue. Daar sal steeds pastorale sorg, siekebe-soeke, begrafnisse en ondersteuning gebied word. Eredienste is die hart van gemeentewees en 'n baie belangrike geloofsvormende deel van ons gemeente.



#### **Daar sal elke week die volgende beskikbaar gemaak word**

1. 'n **preekvideo** wat handel oor die week se leesroostertekste. Dit kan gebruik word tydens persoonlike of huisgodsdienste, of tydens erediensyd op Sondag by die huis;
2. 'n **kindertydmoment** wat vir kinders help om die teks te verstaan en prakties toe te pas;
3. 'n **riglyn vir huisgodsdienste**, kleingroepe of persoonlike Bybelstudie wat aanpas by die teks;
4. 'n riglyn oor hoe jy in die tyd **Radikale Christenskap** kan ultielief bv. Offervaardigheid.

#### **Die riglyne sal op die volgende maniere beskikbaar gemaak word**

1. Ons het 'n **WHATSAPP GROEP geskep**. Om te JOIN **Stoor die volgende selnommer op jou foon (+27 63-840-3646)**. Jy moet die groep **JOIN** by die skakel – <https://chat.whatsapp.com/GJampLDLCEfHXGO5IG0yuS>. Die skakel gaan ook per SMS aan jou gestuur word sodat jy kan JOIN.
2. Die inligting sal op die gemeente se **FACEBOOK** gelaai word. Gaan LIKE die kerk se blad by <https://www.facebook.com/parowpanorama/>.
3. Die video's sal op die gemeente se **YOUTUBE kanaal** gelaai word. Hier is die skakel na die kanaal – <https://www.youtube.com/channel/UC8UM4IbRHw7uSHQ5ZtJ7C1w> As jy kennisgewings van nuwe video's wil ontvang, moet jy inteken.
4. Die inligting met addisionele skakels na huisgodsdienste en ander hulpmiddels sal op die kerk se **WEBTUISTE** gelaai word. Gaan kyk gerus by <http://www.parow-panorama.co.za/>

**WHATSAPP GROEP: 063 840 3646**

**FACEBOOK:** <https://www.facebook.com/parowpanorama/>

**YOUTUBE:** <https://www.youtube.com/channel/UC8UM4IbRHw7uSHQ5ZtJ7C1w>

**WEBTUISTE:** <http://www.parow-panorama.co.za/>



#### **Riglyne vir huishoudings, kleingroepe, uitreike en diensaksies**

Die unieke uitdaging in die Suid-Afrikaanse konteks is die ongelykheid in die beskikbaarheid van en toegang tot hulpbronne, asook die feit dat arm gemeenskappe die meeste uitgelewer is in hierdie krisistyd. Die harde werklikheid is dat die meeste Suid-Afrikaners, wat lidmate van ons kerkfamilie insluit, afhanklik is van hul daaglikse/weeklikse inkomste om te oorleef.



Lidmate **wie sulke werkers** in diens het, word opgeroep om aan hulle hul normale lone te betaal, al kan hulle nie hulle normale werk verrig nie. Dink mooi oor hoe jy diegene wat die kwesbaarste om jou is, die beste kan versorg. Ons vra ook dat julle oordeelkundig sal wees in die bywoon van kleingroepe, ander byeenkomste buite die gemeente en ook jul betrokkenheid by uitreike en nood. Die diens en getuieis wat ons lewer, moet nie in gedrang gebring word deur ons afwesigheid nie. Dink aan praktiese maniere hoe die bediening steeds kan voortgaan sonder dat mense in groepe bymekaarkom. Kleingroepe wat uitreik in die tyd moet daaraan dink om wel die kos af te gee, maar dalk nie 'n erediens te hou nie, of van die elektroniese materiaal wat ons beskikbaar stel, te gebruik. Alternatiewelik kan 'n boodskap ook uitgedruk en uitgedeel word. Die kerkkantoor kan julle hiermee help. Kontak ons gerus as julle enige hulp in die verband nodig het.

#### **Offervaardigheid**

Ons besef dat die afstel van erediens, byeenkomste en fondsinsamelings 'n moontlike finansiële implikasie vir die gemeente inhou. Daarom doen ons 'n beroep op lidmate om maniere te vind om voort te gaan om hul offers vir die Here te gee.

Jy is welkom om 'n elektroniese bydrae te lewer by NG Parow-Panorama, ABSA Tjek 0390580495. VERW: Jou VAN. Jy kan ook met Snapscan 'n bydrae maak (<https://1drv.ms/u/s!Amlnq6DqyOjMg4oDsSvG5OemjPAKcw>). Jy kan ook jou geld by die kerkkantoor kom afgee. Gebruik die geleentheid om jou bydrae te maak.



#### **Ons het jou hulp nodig**

Ons vra dat julle ons hande sal vat in die nuwe geleentheid wat ons gemeente gebied word. Ons wil graag steeds vir julle 'n geestelike tuiste wees. Die situasie in ons land bied uitdagings om daardie tuiste op 'n innoverende en verbeeldingryke manier te bied. Ons het hulp hierin nodig.

#### **Jy kan op volgende maniere jou roeping en rol in die gemeente vervul**

1. Bid dat die Here deur die manier waarop ons die gemeente bedien sal werk in lidmate en ander se harte.
2. Skakel in op ons sosiale platforms (WhatsApp, Facebook, Youtube en Webtuiste) en gebruik die inligting om geestelike te groei.
3. Help versprei die inligting aan lidmate en ander wat daarby sal baat.
4. Bied jou gawes aan – Ons benodig mense wat kundig is met opname en redigering van video's, die opstel van materiaal of selfs die aanbied van materiaal, die oplaai van materiaal op die sosiale platforms en die skryf van materiaal.
5. Deel met ons jou idees en voorstelle sodat ons dit beter kan doen – en natuurlik, bied jou hulp aan!

Ons bid dat die Here ons gemeente in hierdie tyd sal toerus met sy Gees.

Kontak my gerus as julle enige vrae of voorstelle het.

ds Francois

081 270 3226 / [dsfrancois@outlook.com](mailto:dsfrancois@outlook.com)

